**20 Desember** **Skrifgedeelte: Hosea 5:15 – 6:6**
**Fokusgedeelte: Hosea 6:3**

**Wy jou toe aan God**

Johannes die Doper het die Jode tot bekering opgeroep en gewaarsku (Luk 3:7, 8): “Julle slange, wie het julle wysgemaak dat julle die dreigende toorn kan ontvlug? Dra liewer vrugte wat bewys dat julle bekeer is.” Wie die Messias verwag, moet nie net uiterlik die regte dinge doen nie, maar sy hartsgesindheid moet ook reg wees. Hosea het die volk tot bekering opgeroep en geleer dat die belofte van vergifnis so vas staan soos die verkwikking van ’n reënbui. Die Here sal diegene wat met berou na Hom toe kom, nie afwys nie.

Die Christelike kerke herdenk op Kersdag die menswording van Christus, maar dieselfde Christus sal weer as die Regter van die volke kom. Daarom roep die Woord ons op tot selfondersoek en bekering. Geen oppervlakkige godsdienstigheid, of aangeplakte Christelikheid sal deug nie. Die Here sê (Hos 6:6): “Ek verwag liefde eerder as offers, toewyding aan My eerder as brandoffers.” Dan sal ons deur sy koms verkwikking smaak.

*Sing: Psalm 50:5 (Cloete) en 50:7 (Totius)* *Dr. Callie Opperman*